# Eastco 20 – 22 Maart 2009

Toe ek agterna dink aan dié naweek, het dit my herinner aan hoërskoolatletiek. Ons dirigente het dikwels vir ons 'n "liedjie"/kreet/geraas laat doen waar hulle sulke teenstellende goed skree, waarop ons dan gereageer het met "Jaaaaa" of "oooohhhh":

Kampnaweek – jaaaaa!!!
Reën – oooohhhh!!!
Mooi area – jaaaaaa!!!
Slegter stukkie modderpad – oooohhhh!!!
Pragtige kampterrein – jaaaaa!!!
Dubbele bespreking – oooohhhh!!!
Lekker worsrolle – jaaaaa!!!
Koud Vrydagaand – oooohhhh!!!
Lekker weer verder – jaaaaa!!!
Erediens in die son – oooohhhh!!!
Bambi bokkies kom kuier – jaaaaa!!!
Hulle keer in die nag die asdromme om – oooohhhh!!!
'n Klein ablusieblokkie net vir ons – jaaaaa!!!
Die arme mans stort koud – oooohhhh !!!

Ten spyte van die feit dat die terrein vir die meeste van ons nogal ver was, was ons opkoms baie goed. 26 Waens waarvan 4 besoekers. Miskien het die beplande toer na Namibië van sekere lede en 'n beplande toer na Botswana van sekere ander lede 'n invloed gehad.

'n Klompie lede het baie pret gehad met die 'quads'. Hulle het met heelwat stof en groot glimlagte teruggekom van dié ekskursie. (foto regs onder)

Eastco is regtig 'n pragtige oord en die skadunet-afdakke en sementblaaie werk baie goed. (Die kragpunte aan die pale is ook 'n baie goeie plan – as jy hulle raaksien voor jy begin dink dis 'n kraglose kamp). Al voel dit vir ons ver (behalwe vir Centurion- en Krugersdorp-lede), is dit maar dieselfde afstand as Warmbad toe, en 'n mens het nie tolhekke nie – altyd 'n pluspunt.
(Marnette van Rensburg)



'n Pragtige sonsopkoms het ons een oggend begroet



Nuwe Rietvalleiers. Frits en Tanya Kroon was die naweek welkom geheet as Rietvallei-lede. Ons weet dat ons sommer nog baie jare se lekker kamp saam sal hê.



Namibië se toerusting word getoets. Van die Rietvalleiers wat binnekort die langpad Namibië toe neem het die naweek van 20-22 Maart hul toerusting getoets vir die rit. Mag julle 'n wonderlike en voorspoedige tyd hê.

Foto onder: Klaus en Anet Lübbert, foto's regs vbno: Marietjie Klaasen en Sieg Maritz)



Fotos: Marietjie Klaasen, Diana & Jacques Fourie

Daniël se eerste kamp. Albert en Inge het die naweek vir Daniël gewys hoe lekker dit is om te kamp – veral in 'n 'nuwe' woonwa.






